



Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

September 2008
Jaargang 101 Nommer 6

In hierdie uitgawe

- BI 1 NHSV dinamies vorentoe (Marita Fourie)
- BI 2 **Van die redakteur, prof Piet Geysler:** Die plek van die vrou...
- BI 3 **Teologiese opleiding**
Elkeen kan help met die opleiding van ons predikante (Dr Barry van Wyk)
Altyd in diens van die Kerk (Tessa Oppermann in gesprek met dr Barry van Wyk)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
45ste Nasionale NHSV Kongres
Waar u gaan... sal ek gaan (Marita Fourie)
- BI 6 **Wat kerknous aanbetref**
Fondswerwing volstoom op dreef (Ds Johan Smit)
Handleiding vir Hervormers (Ds Etienne Fourie)
Nuu by die Teologiese Opleidingsfonds
- BI 7 **Gespreksforum**
Die Bybel in konteks (Resensie deur dr Wouter C van Wyk)
'n Groot moraliteitsprobleem (Lesersbrief)
- Agterblad **Oordenking**
Op koers met God (Prof Johan Buitendag)



Prof Piet Geyser skryf in sy redaksionele berig onder meer die volgende:

Ons Kerk het 'n groot en diep tree geneem met die oopstelling van die ampte vir vrouens. Daar is ook talle voorbeelde van vrouens wat met groot toewyding en liefde op verskillende terreine dien. Die persepsie is ook nie denkbeeldig nie dat vrouens soms met groter diensbaarheid en getrouheid hulle kant bring. En tog blyk dit dat daar wel probleme of weerstande is, veral teen vrouens in die predikantsamp. Die Kommissie moes onlangs iets van hierdie probleem op hulle agenda bespreek. Daar kan seker wel hier en daar enkele praktiese probleme wees met sekere take of rolle, maar die groot vraag sal seker gehanteer moet word of dit 'n verwysing na gesindhede is wat agter die minder geleenthede vir vrouedominees skuil? Ons kan seker met die nodige welwillendheid en met inagneming van gemeentes se onderskeie behoeftes en profiele 'n weg bedink tot beter benutting van vrouepredikante – veral waar dit in die regte gesindheid van die geloof aangepak word.

Dr Barry van Wyk, pas benoem deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering as fondsinsamelaar vir die Teologiese Opleidingsfonds, skryf soos volg:

Dit is 'n aangename voorreg om met die Kerk in gesprek te tree deur *Die Hervormer*, amptelike mondstuk van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Die geleentheid is nog meer besonder omdat die gesprek bepaal word deur die saak van die Teologiese Opleidingsfonds. Dié Fonds is in die lewe geroep om te verseker dat die Kerk bedienaars van die Woord kan oplei op die beste manier wat vir die Kerk op 'n bepaalde tydskop haalbaar blyk.

Die Fonds is eie aan die Hervormde Kerk, daarom is ons aangewese op deurkollekte, steun van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging (NHSV), kategese- en jeuggroepe, en die toenemende bydraes van individue wat reeds daartoe oorgegaan het, asook ander wat met die saak kan identifiseer. Projek Masedonië vorm juis die Skriftuurlike onderbou as aansporing vir enkelinge om bydraes te lewer om vroeër ons mikpunt te bereik.

Hartlik dankie by voorbaat vir u positiewe medewerking in belang van hierdie besondere en verdienstelike sy van kerklike dienswerk.

Stuur bydraes asseblief aan: Die Teologiese Opleidingsfonds, Posbus 2368, Pretoria 0001. **Vir die aandag van:** Dr Barry van Wyk, 082 828 5711 of 012 809 2367 of bvww@vodamail.co.za

Sou u verkies om maandeliks bydraes te lewer of om elektroniese oorplasinge te doen, is die besonderhede die volgende: Die Teologiese Opleidingsfonds, ABSA Bank, tjekrekening nommer 404 863 2649. Indien u van laasgenoemde moontlikheid gebruikmaak deur eenmalig of maandeliks betalings te doen, sal dit op prys gestel word indien u besonderhede volledig aangedui word, byvoorbeeld u naam, titel, posadres, gemeente en e-posadres.

